



Kom ons wees eerlik

Die Waarheid oor leuens

In vandag se moderne wêreld – veral met sosiale media – is die versoeking groter as ooit om te jok: om 'n bietjie te oordryf, om vriende te beïndruk, om die “vrede te bewaar,” of om gevolge vry te spring. Die Bybel leer egter dat om te jok, sonde is, en dat eerlikheid saak maak omdat dit iets van God se karakter vir ons uitbeeld.

1 WAT SÊ GOD OOR LEUENS?

Die eerste sonde in die wêreld was die leuen wat Satan vir Eva vertel het (Genesis 3:4).

→ Hoe beskryf Jesus self die duiwel in Johannes 8:44 (1983)?

Hy was van die begin af 'n _____. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar _____ in hom is nie.

Wanneer hy leuentaalk praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n _____ en die _____ van die _____.

→ Om te jok en leuens te vertel, is dus om die duiwel se werk te doen! Wat sê God verder in Spreuke 12:22 (2020):

“Die Here het 'n _____ van _____; Hy hou van _____ mense.

2 WAT SÊ GOD OOR HOMSELF?

As Satan die Vader van leuens is, is God presies die teenoorgestelde. Wat leer ons oor God se karakter uit die volgende verse?

→ **NUMERI 23:19 (1983):** “God is nie 'n _____ dat Hy sou _____ nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

→ **TITUS 1:2 (2020):** “... hoop op die ewige lewe wat God, wat nie kan _____ nie, reeds voor alle tye beloof het.”

God sê Hy is eerlik en die bron van waarheid, en daarom is Sy Woord ook waar. Wat leer ons oor die waarheid van die Bybel in Johannes 17:17?

→ **JOHANNES 17:17 (1983):** “Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid.

U _____ is die _____.”

3 WAT IS GOD SE OPDRAG AAN ONS?

Omdat God eerlik is en die waarheid praat, wil Hy hê sy kinders, wat deur Jesus losgekoop is uit die mag van die Satan, dieselfde moet doen. Daarom het God dit ook met die negende 'n opdrag in die Tien Gebooie gemaak:

→ Eksodus 20:16: "Jy mag nie _____ teen 'n ander gee nie."

Watter opdragte lees ons in die volgende verse?

→ Efesiërs 4:25: "Noudat julle die _____ afgelê het, moet julle onder mekaar die _____ praat."

→ Kolossense 3:9-10: "moenie vir mekaar _____ nie. Julle het met die ou, _____ mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die _____ mens, wat al hoe meer vernuwe word na die _____ van sy _____."

In Efesiërs 6:14, as Paulus praat oor die wapenrusting van God, dan sê Hy ons moet die "_____ van waarheid" aantrek. Die belt/gordel het die hele wapenrusting in plek gehou – sonder waarheid kan ons glad nie staande bly teen die leuens van Satan nie!

FOKUS OP DIE EVANGELIE

Omdat ons van nature sondig is, kan ons nie altyd die waarheid praat nie. Iemand anders moes in ons plek kom om 'n perfekte, eerlike lewe in ons plek te lei – en dit is Jesus!

→ In Johannes 8:31-32 sê Jesus, "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die _____ sal julle vrymaak."

→ In Johannes 8:35 sê Jesus, "Ek is die weg en die _____ en die lewe." Jesus is die Waarheid wat ons vrygemaak het van die vader van leuens! Laat ons Hom prys!

REFLEKSIEVRAE

1. Hoekom haat God leuens?
2. Wat maak eerlikheid so belangrik in verhoudings?
3. Is "wit leuens" regtig onskuldig?
4. Waarmee sukkel jy om eerlik te wees?



BID

→ Dank die Here dat Hy eerlik en betroubaar is!

→ Vra die Here om jou te help om die waarheid te praat en die waarheid van die Evangelie met ander te deel.